education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## REKENINGKUNDE

## NOVEMBER 2008

## MEMORANDUM

**Hierdie memorandum bestaan uit 21 bladsye.**

**LOS HIERDIE BLADSY OOP.**

Kopiereg voorbehou 

# GRAAD 12
# REKENINGKUNDE
# NOVEMBER 2008

## PUNTE: 300 MINUTE: 180

| VRAAG 1: 35 punte; 20 minute | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag:** | **Die leeruitkomste gedek:** |
| Maatskappykonsepte, -rekords en BTW | LO1 Finansiële rekeningkunde<br>- AS1 Definieer rekeningkundige konsepte<br>- AS2 Teken unieke inligting vir maatskappye<br>- AS7 Pas beginsels van BTW toe |

| VRAAG 2: 50 punte; 30 minute | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag:** | **Die leeruitkomste gedek:** |
| Kontantbegroting | LO2 Bestuursrekeningkunde<br>- AS3 Ontleed en vertolk 'n kontantbegroting<br>LO3 Bestuur van hulpbronne<br>- AS5 Etiese gedragskode<br>- AS6 Pas interne beheer en ouditprosesse toe |

| VRAAG 3: 45 punte; 25 minute | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag:** | **Die leeruitkomste gedek:** |
| Vervaardiging | LO2 Bestuursrekeningkunde<br>- AS2 Opstel, ontleding en verslagdoening van inligting oor koste<br>LO3 Bestuur van hulpbronne<br>- AS6 Pas interne beheer en ouditprosesse toe |

| VRAAG 4: 65 punte; 30 minute | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag:** | **Die leeruitkomste gedek:** |
| Maatskappyverslagdoening | LO1 Finansiële rekeningkunde<br>- AS5 Stel finansiële state op<br>- AS6 Ontleding van 'n ouditverslag<br>LO3 Bestuur van hulpbronne<br>- AS5 Etiese gedragskode en die rol van professionele liggame<br>- AS6 Pas interne beheer en ouditprosesse toe |

| VRAAG 5: 70 punte; 45 minute | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag:** | **Die leeruitkomste gedek:** |
| Kontantvloei en vertolking van 'n maatskappy | LO1 Finansiële rekeningkunde<br>- AS5 Opstel en vertolking van finansiële state<br>LO3 Bestuur van hulpbronne<br>- AS5 Etiese gedragskode |

| VRAAG 6: 35 punte; 30 minute | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag:** | **Die leeruitkomste gedek:** |
| Vaste bates en interne beheer | LO3 Bestuur van hulpbronne<br>- AS3 Vertolking en verslagdoening oor bate verkope<br>- AS5 Etiese gedragskode<br>- AS6 Pas interne beheer en ouditprosesse toe |

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 1

**1.1 Verduidelik kortliks waarom daar 'Beperk' of Bpk'. in 'n maatskappy se naam moet wees.**

Verduideliking ✓✓ Verwagte antwoorde

- Die eienaars (aandeelhouers) se verantwoordelikheid is beperk tot die bedrag wat hulle belê het
- Die aandeelhouers is nie verantwoordelik vir die skulde van die maatskappy nie / die maatskappy is verantwoordelik vir sy laste
- Beperkte aanspreeklikheid
- ‘n Maatskappy is ‘n regspersoon in sy eie reg
- Die Maatskappye Wet verlang ‘Bpk’ in die naam
- Die Maatskappy is ‘n publieke maatskappy – *vertolking van vraag: Kandidate mag antwoord dat die maatskappy ‘n publieke maatskappy is*

**2**

**1.2 Verduidelik kortliks waarom Garland Bpk. spesiale inskrywings in hulle boeke vir BTW moet doen.**

✓✓

*Goeie verduideliking – sluit invordering van kliënte & betaling aan voorsieners in/ verskuldig aan SAID (2 punte)*
*Bevredigende verduideliking – gedeeltelik beantwoord (1 punte)*

Verwagte antwoorde:

- Die besigheid moet BTW aan voorsieners betaal en van klante kollekteer (2 punte)
- Die verskil tussen inset- BTW & uitset-BTW moet bereken word en aan SAID oorbetaal word (2 punte)
- Verkope oorskry die minimum vir BTW registrasie (2 punte)
- Hy is ‘n BTW vendor (2 punte)
- Om geld verskuldig aan / deur SAID op te teken (2 punte)
- Belasting wetgewing / Registreer met SAID (2 punte)
- Om BTW ingevorder van debiteure op te teken (1 punt)
- Om BTW aan voorsieners op te teken ( 1 punt)

**2**

**1.3**

*Bedrae word gemerk al is besonderhede foutief*
**indien die totaal van twee bedrae R684 000 is*

| | ALGEMENE GROOTBOEK | | BEDRAG |
|---|---|---|---|
| | **Rekening gedebiteer** | **Rekening gekrediteer** | |
| e.g. | Direkteursfooie | Bank | **150 000** |
| 1. | Handelsvoorraad ✓ | Krediteurekontrole ✓ | **350 000** |
| | Inset-BTW / BTW-Kontrole ✓ | *(aanvaar in enige lyn – ignoreer ander krediete – agv formaat in Afr antwoordboek)* | **49 000** |
| 2. | Bank ✓# | Verkope ✓# | *☑ 600 000 |
| | *(aanvaar in enige lyn – ignoreer ander debiete – agv formaat in Afr antwoordboek)* | Uitset-BTW /BTW-Kontrole ✓# | ✓ 84 000 |
| | Koste van verkope ✓ | Handelsvoorraad ✓ | **400 000** |
| 3. | SAID (Inkomstebelasting)✓ | Bank ✓ | **143 550** |
| 4. | Dividende op gewone aandele ✓<br>*Aanvaar Aandeelhouers vir dividende* | Bank ✓ | **24 000** |
| 5. | Bank ✓<br>*(aanvaar in enige lyn – ignoreer ander debiete – agv formaat in Afr antwoordboek)* | Gewone aandelekapitaal ✓ → | ✓ 240 000 |
| | | Aandelepremie ✓ → | ✓ 72 000 |
| 6. | Inkomstebelasting ✓ | SAID (Inkomstebelasting) ✓ | **154 356** |
| 7. | Dividende op gewone aandele ✓<br>*Aandeelhoersword nie in antwoord aanvaar nie* | Aandeelhouers vir dividende ✓ | ✓✓ 71 400<br>*(1 punt: 51 000)* |

**25**

#Volpunte indien: Dt Bank Kt Verkope R684 000 &
Dt Verkope Kt Uitset-BTW / BTW-Kontrole

**1.4 Die maatskappy beplan om die oorblywende onuitgereikte aandele volgende jaar uit te reik.**

**1.4.1 Hoeveel aandele sal die maatskappy uitreik?**

✓ ✓ ✓
500 000 – 420 000 = 80 000
(300 000 + 120 000)
200 000 – 120 000 = 80 000

| |
|---|
| |
| **3** |

**1.4.2 Wat is die minimum getal aandele wat Gary sal moet koop om beheer van die maatskappy te bly behou?**

Hy moet ten minste 250 001 aandele besit
Hy besit tans 230 000 aandele ✓✓✓ 3 of nil
Hy moet koop 20 000 + 1 = 20 001
OF 20 000 + 100 = 20 100
OF (51% van 500 000) – 230 000 = 25 000

| |
|---|
| |
| **3** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **35** |

## VRAAG 2

### 2.1 LIMPOPO HANDELAARS

**2.1.1 Wat is the hoofdoel van 'n Kontantbegroting?**

*Enige geldige antwoord ✓✓*
*Goeie antwoord: 2 punte; Gedeeltelik beantwoord: 1 punt*
*Indien kandidate inkomstes met ontvangste en uitgawes met betalings verwar: max 1 punt*

Verwagte antwoorde:

- Om toekomstige ontvangstes en betalings te skat (2 punte)
- Om toekomstige bank saldo's te identifiseer (2 punte)
- Om met beheer van / monitering van ontvangstes en betalings te help (2 punte)
- Om toekomstige kontant bewegings te veronderstel (2 punte)
- Beplanning vir die toekoms (1 punt)
- Om toekomstige ontvangstes te skat (1 punt)
- Om toekomstige betalings te skat / hoe geld spandeer sal word (1 punt)

**2**

**2.1.2 Verduideliking van:**

*Enige geldige antwoord ✓✓* *Syfers nie nodig in antwoord nie*
*Goeie verduideliking: 2 punte; Bevredigende verduideliking: 1 punt*
Verwagte antwoorde moet 'n vergelyking met begroting en werklike insluit (1 punt) & verduideliking (1 punt)

**Herstelwerk en instandhouding:**
Gunstige afwyking (werklike minder as begroting). Effektief en goed gekontroleer. Slegte onderhoud✓✓

**Telefoon:**
Noemenswaardig oorspandeer (werklike meer as begroting). Ekstra beheer benodig / tarief verhoging / onnodige oproepe nie van toepassing of besigheid nie, Nie begrote items/ongewone uitgawes, Onrealistiese lae begrotings, Met opset om bewustheid van besigheid te verbeter, Opvolg van probleme ✓✓

**Huurinkomste:**
Noemenswaardig onderbegroot (werklike minder as begroting). / Begroting was onrealisties hoog. Ondersoek tekort bv. slegte invordering, huurder is weg, ens. ✓✓
*Geen punte indien as betaling beskou*

**Advertensies:**
Goeie beplanning, Begroting volledig gespandeer soos verwag
(kan assesseer of dit 'n geldige uitgawe is bv. Moes hulle alles spandeer het / het hulle 'n groter toewysing nodig?) ✓✓

**8**

**2.1.3 Bereken die totale verkope wat in Februarie 2009 verwag kan word.**

144 000 ✓ x 100 / 20 [✓✓] *(d.i. x5)* = R720 000 ✓

OF (57 600 ✓ x 100 / 10 ✓) + 144 000 ✓ = R720 000 ✓

OF 57 600 ✓ x 100 / 10 ✓ x 100 /80 ✓ = R720 000 ✓

OF 480 000 ✓ X 150 / 100 [✓✓] = R720 000 ✓

LW: Hierdie metode geld slegs in die geval van 'n vaste basis voorraadsbeleid

**4**

**2.1.4**

Verkeerde kolomme: geen punte
#Inspeksie: indien 10% & 55% van Feb krediet verkope syfer

**DEBITEURE-INVORDERINGSKEDULE VIR TWEE MAANDE GEËINDIG 31 MAART 2009**

| * Indien 576 000 nie gewys, herbereken die leerder se berekening | KREDIETVERKOPE | INVORDERING: FEBRUARIE | INVORDERING: MAART |
|---|---|---|---|
| Feb kredietverkope | ☑☑ moet 80% van 2.1.3 wees | ✓☑* 57 600 | ✓☑# 316 800 |
| Mrt kredietverkope | 648 000 | | ✓✓ 64 800 |
| | Albei totale inspeksie ☑ | 57 600 | 381 600 |

**9**

**2.1.5** **Noem EEN punt uit die vraag om Thabo se mening te ondersteun, en EEN punt teen sy mening. Verskaf syfers om jou standpunte te ondersteun.**

*Enige geldige antwoord ✓✓✓ Syfers is nodig in antwoord – stem ooreen met vorige antwoorde*
*Noem punt 1 punt; Syfer 2 punte; Syfers moet ooreenstem met die punt*

**Een punt om Thabo se mening te ondersteun:** ✓✓✓
Daar word verwag dat totale verkope (van R600 000) tot R720 000 sal vermeerder (3 punte)
OF Hulle sal ekstra bruto wins van R40 000 verdien. (R240 000 instede van R200 000 bruto wins) (3 punte)

**Een punt teen Thabo se mening:** ✓✓✓
Die kontantvloei is geweldig geaffekteer (moeilik om voorraad te betaal) bv. in Februarie is kontant van debiteure ingevorder en kontantverkope slegs R144 000 + R57 600 = R201 600 in plaas van R600 000 (3 punte)
OF Oninbare skulde van 7% word verwag (3 punte)
OF Dit neem 3 maande om 93% van verkope in te vorder (3 punte)
OF Invordering oor drie maande maar voorraad vir kontant aangekoop(3 punte)
OF Sal kontantsaldo's geweldig beïnvloed / likiditeit (1 punt)
OF Toename in administrasiekostes / Meer personeel aanstel (1 punt)

**6**

**2.1.6** **Verduidelik DRIE punte buiten dié wat in VRAAG 2.1.2 tot 2.1.5 hierbo genoem is. Verskaf syfers (of verhoudings/persentasies) uit die vraag om jou verduidelikings te ondersteun.**

*Enige drie geldige antwoorde✓✓✓ ✓✓✓ ✓✓✓ Syfers/verhoudings/% is nodig in antwoord*
*Verduidelik 'n punt: 1 punt; Syfers 2 punte*
*Verduidelikings kan beperk word tot die verduideliking van die item in die kontantbegroting*
*Afleidings nie nodig nie*

**Kontantvloei**: **Total ontvangstes of betalings:** Die kontant voorhande het van R174 430 in Februarie tot R27 250 in Maart verminder. Ontvangste vermeerder van R675 00 tot R1 093 600 (Dieselfde vir betalings). Ten spyte van die ekstra geld ontvang (bv. deur 'n lening / vaste deposito), lyk die kontantvloei van die besigheid nog steeds teleurstellend.

**Verbandlening**: 'n Groot gedeelte van die R900 000-verbandlening is gebruik om bedryfsuitgawes te betaal.

**Vaste deposito verval in Maart**: **R470 000** Die besigheid verloor rente omdat hulle nie hierdie fondse herbelê het nie – gebruik op bedryfskostes of onttrekkings.

**Kontantaankope**: (**R400 000 vir Jan ens.**) Kan moontlik op krediet koop om toe te laat dat meer fondse invloei voordat krediteure betaal word.

**Bankkostes**: Verminder met R5 000 as gevolg van minder kontantverkope d.w.s. laer kontantdepositofooie. Minder kredietkaart verkope.

**Versekering**: Toename van R2 310 as gevolg van die toevoeging van voertuie. Oorweeg om vir 'n beter versekeringsonderneming te soek.

**Salarisse & lone**: Salaristoename van 20% gedurende Maart. Die salarisse behoort slegs met die inflasiekoers te styg ± 7%. Lone het slegs met 4% vermeerder in vergelyking met die 20%-toename in salarisse. Nie regverdig nie.

**Voertuie**: Beperk die voertuieuitgawes, R9 000 se uitgawe is baie hoog vir 'n nuwe voertuig.

**Onttrekkings**: Die onttrekkings affekteer die vermoë om bedryfsuitgawes te betaal. Toename van 100% is uitermatig in vergelyking met die salarisse en lone wat met 20% en 4% onderskeidelik toegeneem het.

**Diverse uitgawes**: Verhoging met R1 000 per maand (5% in Jan). Ondersoek of dit voldoende is/ nodig is.

**9**

## 2.2 PRESTIGE HOTELS BEPERK

**2.2.1 Indien jy 'n hoofaandeelhouer in hierdie maatskappy was, watter vrae sou jy die besturende direkteur by die spesiale vergadering vra? Noem TWEE vrae.**

*Enige twee geldige en afsonderlike vrae*
*Hoef nie in vraag vorm te wees nie*
*Geldige antwoord: 3 punte; Ongeldige antwoord: 0 punte*

Voorbeelde van verwagte antwoorde

- Hoe sal hierdie borgskap die maatskappy baat na 'n verlies van R83m gedurende die 2006/2007 finansiële jaar?
- Wat is die rede vir die verlies van R83m?
- Wat is die rede waarom ek my aandele in die maatskappy moet behou?
- Watter planne en beheermaatreëls het die bestuur in plek om verdere verliese te voorkom?
- Watter ander planne het die bestuur in plek om die bedryfsverlies te verminder / 'n wins in die toekoms te verseker?
- Hoe kan 'n borgskap goedgekeur word wanneer 'n lening nodig was?
- Watter antwoord sal aan werkers gegee word wanneer slegs 8% verhoging in salarisse goedgekeur was?
- Waarom het die borgskappe beduidend verminder? Is slegs die hoë profiel borgskappe van belang?

| |
|---|
| |
| **6** |

**2.2.2 Wat behoort die besturende direkteur by die spesiale vergadering te sê om die raad se besluite oor die begroting te verdedig? Verduidelik TWEE punte kortliks.**

*Enige twee geldige en afsonderlike punte* ✓✓✓ ✓✓✓
*Uitstekend = 3 Goed = 2 Bevredigend = 1 Foutief = 0*

- Oor die lang termyn sal die maatskappy en die aandeelhouers baat vind by hoë winste wanneer die bemarkingsinisiatiewe in werking tree.
- Die afname in die borgskap – rede daarvoor en die effek op die maatskappy
- Salarisverhogings is gegee ten spyte van afname in die ekonomie – maatskappy se vermoë om voort te gaan.
- Spreek sosiale verantwoordelikheid aan – King Kode
- Wêreldwye blootstelling / publisiteit vir die maatskappy
- Borgskap verminder belastingverligting – invloed moet bereken word - Koste teenoor voordele
- Gratis akkommodasie sal ander mense trek om in dieselfde hotel te bly

| |
|---|
| |
| **6** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **50** |

## VRAAG 3

### 3.1 VALLEY MATTRESS VERVAARDIGERS

*#Indien = berekening hieronder @ inspeksie*
*Indien DMK en FBK berekeninge op die gesig van die PKS verskyn, merk dit en dra punte oor na die afdeling hieronder*
*Indien kandidate albei doen, merk albei en gee die leerder die voordeel*

| PRODUKSIEKOSTESTAAT VIR JAAR GEËINDIG 29 FEBRUARIE 2008 | | |
|---|---|---|
| Primêre/Direkte koste | 835 800 | ☑@ |
| Direkte materiaalkoste | 535 000 | ☑# |
| Direkte arbeidskoste | 300 800 | ✓✓ |
| Fabriekbokoste | 382 300 | ☑# |
| Totale vervaardigingskoste | 1 218 100 | ☑ |
| Goedere-in-bewerking aan die begin van die jaar | 71 500 | ✓ |
| | 1 289 600 | |
| Goedere-in-bewerking aan die einde van die jaar *Hakies nie nodig nie* | (191 600) | ✓ |
| Produksiekoste van voltooide produkte *WIP aan einde moet afgetrek word* | 1 098 000 | ☑@ |

**9**

**BEREKENING VAN GRONDSTOFKOSTE**

*Let Wel: Hierdie is slegs 'n berekening – syfers mag in 'n ander formaat aangedui word*

| | | |
|---|---|---|
| Beginvoorraad | 95 000 | ✓ |
| Aankope | 521 000 | ✓ |
| Vraggeld op aankope | 29 500 | ✓ |
| | 645 500 | |
| Eindvoorraad | (110 500) | ✓ *Hakies nie nodig nie* |
| Grondstowwe uitgereik aan produksie | 535 000 | ☑ *inspeksie & slegs indien ten minste een deel korrek is* |

**5**

**BEREKENING VAN FABRIEKSBOKOSTE**

** Metode punt indien syfer verkeerd maar een deel korrek; (-1 vir R90 000 verkoopskommissie)*

| | | |
|---|---|---|
| Fabrieks-indirekte materiaal<br>20 500 + 77 500 - 18 000 | 80 000 | ✓☑* R18 000 moet - wees |
| Fabrieksinstandhouding 37 000 + 11 000 | 48 000 | ✓☑* |
| Salaris aan fabrieksvoorman | 105 000 | ✓ R195 000 sall 1-1 wees |
| Water- & elektrisiteit 4/5 x 21 000 | 16 800 | ✓✓ |
| Fabriekshuur 800 / 1200 x 108 000 | 72 000 | ✓✓ |
| Waardevermindering op fabriekstoerusting | 60 500 | ✓ |
| | 382 300 | ☑ *inspeksie & slegs indien ten minste een deel korrek is* |

**11**

## 3.2 SPRINGBOK T-HEMP VERVAARDIGERS

**3.2.1 Bereken die eenheidskoste vir 2008 as (a), (b), en (c) aangedui is.**

*Geen punte vir berekeninge.*

(a) = R14,71 ✓✓ aanvaar R14,70

(b) = R 4,71 ✓✓ aanvaar R4,70

(c) = R 6,03 ✓✓ aanvaar R6,02

**6**

**3.2.2 Vergelyk die eenheidskoste vir 2008 met dié van 2007. Verskaf in elk van die volgende gevalle 'n moontlike rede (buiten inflasie) vir die verandering:**

*Aanvaar alternatiewe geldige antwoorde – een rede vir die verandering in elke geval*

*Beskrywing van die verandering is nie aanvaarbaar b.v. toename van R8,20 tot R9,41 Rede moet voorsien word in elke geval*

- **Direkte materiaalkoste per eenheid** ✓✓
  Doeltreffender gebruik / Minder vermorsing (beter kwaliteit) /
  Goedkoper verskaffer verseker / Handelskorting vir grootmaat
  Aankope / gratis aflewering / Materiaal plaaslik beskikbaar

- **Direkte arbeidskoste per eenheid** ✓✓
  Ondoeltreffendheid in produksie (meer werkers per eenheid) /
  Loonkoersregstelling (betaal hoër lone)
  Toename in oortyd (teen hoër koers) / voordele vir harde werk

- **Fabrieksbokoste per eenheid** ✓✓
  Groter getal eenhede geproduseer
  Ekonomiese skaalvoordele (vaste kostes verhoog nie met produksie nie)
  Sekere vaste kostes is nie opgeloop nie / het verminder
  Beter kontrole van kostes
  Verandering in waardevermindering (In geval van Verminderde Saldo Metode).

**6**

**3.2.3 Bereken die gelykbreekpunt vir 2008:**

*Algebraise metode ook aanvaarbaar*

333 000 / (45,00 – 28,82) OF 28,83 — 206 000 + 128 000 ✓ ✓ ✓✓ OF 205 000 / (45,00 – 14,71 – 9,41) OR 14,70

= 333 000 / 16,18 OF 16,17 = 205 000 / 20,88 (20,89)

☑ if any one part correct

= 20 580 or 20 581 OF 20 594 = 9 818 OR 9 813

*Let wel: Die eerste opsie is meer korrek, maar omdat sekere handboeke dit verskillend hanteer het, sal die twee opsies toegelaat word in hierdie vraestel.*

**Lewer kommentaar oor die gelykbreekpunt hierbo bereken. Behoort die onderneming tevrede te wees met die getal eenhede wat tans vervaardig word? Verduidelik.**

*Een punt vir enige opinie. Ja/Nee kan moontlik in die antwoord impliseer word.*
*Rede sal op berekening van GBP hierbo afhang.*

Ja ✓ - hulle oorskry die GBP met 'n aansienlik aantal eenhede ✓✓
*Volle punte indien konsekwent met berekeninge hierbo*

| |
|---|
| |
| **8** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **45** |

## VRAAG 4

### 4.1 SAMORA SPORTS BEPERK

*LW: Indien voor-aansuiweringsyfer as die finale gegee word, word die relevante punt toegeken*
*Indien die finale antwoord korrek is ken die volle punte toe.*
*Indien verkeerd, merk berekeninge / Indien geen berekeninge geen punt*
*Vreemde items dws Balansstaat items – 1 elk (maks -2)*
*Indien rente bo en onder geplaas is -1 punt Maks– slegs as punte verdien is*

| INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2008 | | | |
|---|---|---|---|
| Verkope 1 703 200 ✓ – 17 000 ✓ – 6 200 ✓ | | ✓ 1 680 000 | |
| Koste van verkope | *Indien = Verkope/1.6* | ☑☑ (1 050 000) | |
| Bruto wins | *Indien = Verkope - KVV* | ☑ 630 000 | 7 |
| Ander inkomste | *Inspeksie* | ☑ 386 000 | |
| Diensfooigelde 297 140 ✓ – 540 ✓ | | ✓ 296 600 | |
| Huurinkomste 105 000✓ – ☑15 600 ✓✓ | | ✓ 89 400 | |
| *Moet nie rente hier aanvaar nie* | | | 9 |
| | | 1 016 000 | |
| Bedryfsuitgawes | *Inspeksie, hakies nie nodig nie* | ☑ (680 000) | |
| Salarisse en lone 234 750 ✓ + 6 000 ✓ | | ✓ 240 750 | |
| Werkgewer se bydrae 53 200 ✓ + 690 ✓ | | ✓ 53 890 | |
| Ouditfooie 30 000✓ + 28 000 ✓ | | ✓ 58 000 | |
| Direkteursfooie | | ✓ 230 000 | |
| Verbruiksgoedere 51 100✓ – 900 ✓ | | ✓ 50 200 | |
| Bankkostes 5 240✓ + 310 ✓ | | ✓ 5 550 | |
| Diverse uitgawes | *Inspeksie, redelikheid* | ☑ 15 910 | |
| Handelsvoorraadtekort 13 000 + 4 800 | *Enige syfer* | ☑✓✓ 17 800 | |
| Waardevermindering 6 400✓✓ + 1 500 ✓<br>4 700 + 3 200 | | ✓ 7 900 | 25 |
| *Moet nie rente hier aanvaar nie* | | | |
| Bedryfswins | *Indien = 20% van verkope (of voor- of na-)* | ☑☑ 336 000 | |
| Rente-inkomste | | ✓ 11 200 | |
| | | 347 200 | |
| Rente-uitgawe | | ✓✓ (44 800) | |
| Netto wins voor belasting | *Inspeksie, ondersoek berekeninge toegepas* | ☑ 302 400 | |
| Inkomstebelasting | *Indien = 30% van NW* | ☑☑ (90 720) | |
| Netto wins na belasting | *Inspeksie – as belasting afgetrek is* | ☑ 211 680 | 9 |

| |
|---|
| 50 |

**4.2**

**4.2.1** **Waarom vereis die Maatskappywet dat 'n publieke maatskappy geouditeer moet word?**

*Enige een geldige rede* (✓✓)

Om die aandeelhouers te beskerm /skeiding van eienaarskap en beheer
OF Publieke fondse is gebruik
OF Om te verseker dat dit 'n redelike weergawe van finansiële state is
OF Om te verseker dat die direkteure nie syfers verkeerd voorstel nie
OF Om aan belangstellendes verantwoording te doen bv aandeelhouers, SAID
OF Om bedrog te ontmoedig

| |
|---|
| |
| **2** |

**4.2.2** **Noem EEN ander persoon wat ook in hierdie ouditmening geïnteresseerd sal wees en gee 'n rede vir sy/haar belangstelling.**

*Enige een van die belanghebbendes* ✓ Rede ✓✓
*Aandeelhouers nie aanvaarbaar in hierdie antwoord nie*

- **Voornemende beleggers** (Finansiële instellings) – Om beleggings te maak
- **Uitleners** – Om te sien of die besigheid solvent is en as sekuriteit vir hulle lenings sal kan dien
- **Verskaffers** – Om te sien of bedrag verskuldig betaal kan word
- **SAID** – Om die belasting akkuraat te bereken
- **Mededingers** – Om uitslae te vergelyk
- **Vakbonde** – Vir loon onderhandelinge / werk sekuriteit
- **Direkteursraad / HFB** – Om die prestasie te assesseer
- **Staat** – Vir statistieke inligting
- **Registrateur van Maatskappye** – Ooreenstem met wetgewing

| |
|---|
| |
| **3** |

**4.2.3** **Een van die aandeelhouers het op die AJV gesê dat hy nie gelukkig is met die woorde 'redelike weergawe' wat in die ouditmening is nie. Hy wil hê die ouditeure moet sê dat die finansiële state korrek in alle opsigte' is.**

**Watter verduideliking behoort aan hierdie aandeelhouer gegee te word? Noem EEN punt.**

*Enige een geldige verduideliking* ✓✓✓
*Uitstekend = 3 Goed = 2 Bevredigend = 1 Foutief = 0*

- Ouditeure verskaf wesenlike versekering omdat hulle nie alles in die maatskappy se boeke kontroleer nie (slegs 'n steekproef).
- Koste faktor / tydrowend – is alles nagesien.

| |
|---|
| |
| **3** |

**4.2.4** **Die direkteure is ongelukkig met die hoë ouditfooie wat in die Inkomstestaat getoon word.**

**Verduidelik waarom 'n verbetering in interne beheer 'n positiewe uitwerking op die fooie van die eksterne ouditeure sal hê. Noem EEN punt.**

*Enige een geldige verduideliking wat aandui dat minder tyd aan oudit gespandeer word* ✓✓✓
*Uitstekend = 3 Goed = 2 Bevredigend = 1 Foutief = 0*

- Interne ouditeure sal foute wat deur werknemers gemaak is verminder.
- Eksterne ouditeure sal minder tyd spandeer om die boeke te oudit.
- Administrasie moet in plek wees – dokumente moet korrek geliasseer word

| |
|---|
| |
| **3** |

**4.2.5** **Die SAIGR ('SAICA') is een van die hoof professionele liggame wat rekenmeesters in hierdie land beheer.**

**Verduidelik TWEE van die hoofrolle wat deur die SAIGR verrig word.**

*Enige twee geldige rolle* ✓✓ ✓✓

- Dissiplinêre prosedures teen lede wat nalatig is
- Voldoening aan Etiese kode / geloofwaardigheid
- Voldoening aan AARP en IFRS
- Professionele ontwikkeling / opleiding / Byhou van omsendbriewe
- Verseker hoë bekwaamheidsvlakke
- Kontrolleer kwalifikasies
- Bemark die professie
- Ondersoek klagtes teen lede

| |
|---|
| |
| **4** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **65** |

## VRAAG 5

**5.1 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir 2008:**

*Verhoudings moet in die regte verhouding wees*

**5.1.1 Skuld/Aandeelhouersverhouding**

✓ ✓
1 980 000 / 4 123 000   OR 2 048 000 : 4 123 000

= 0,48 : 1 or 0.5 : 1 ☑ *Indien enige een deel korrek is*

**3**

**5.1.2 Vuurproefverhouding**

(2 557 000 – 1 640 000) : 1 080 000

✓ ✓ ✓
Of (810 000 + 107 000) : 1 080 000

= 917 000 : 1 080 000

= 0,8 : 1 of 0,85 : 1 ☑ *Indien enige een deel korrek is*

**4**

**5.1.3** Voorraadomsetsnelheid

✓
5 625 000 / 1 575 000 of 1 640 000
✓✓

= 3,6 of 3,57 keer of 3.4 keer ☑ *Indien enige een deel korrek is*

**4**

**5.1.4 %-opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang (na belasting)**

$$\frac{904\ 000}{½(4\ 123\ 000 + 2640\ 000)} \times \frac{100}{1}$$

✓

$$= \frac{904\ 000}{3\ 381\ 500} \times \frac{100}{1}$$

✓☑ *Indien enige deel van die noemer korrek is*

= 26,7% ☑ *Indien enige een deel korrek is*

**4**

**5.1.5 Netto batewaarde per aandeel**

✓ ✓✓
R 4 123 000 / 1 100 000 shares

= 374,8 sent / 375 sent / R3,75 ☑ *Indien enige een deel korrek is*

**4**

## 5.2 Solvensie en likiditeit:

**5.2.1 Verduidelik kortliks die verskil tussen *solvensie* en *likiditeit*.**

Solvensie: vermoë om alle skuld af te betaal / vermoë om skuld oor langtermyn te betaal / TB : TL / TB>TL / positiewe ekwiteit ✓

Likiditeit: vermoë om bedryfsuitgawes te betaal / kort-termyn/ BB : BL / BB>BL ✓

**2**

**5.2.2 Lewer kommentaar oor die solvensie van hierdie onderneming. Haal 'n finansiële aanwyser uit die vraag aan om jou mening te ondersteun.**

*Mening - solvent ✓ aanwyser ✓✓*

Die besigheid is solvent/ bevredigend

Bates > laste met 2,2: 1

OF Verhouding afgeneem vanaf 2,3:1 to 2,3:1

**3**

**5.2.3 Lewer kommentaar oor die likiditeit van die onderneming. Haal die finansiële aanwysers en die veranderinge (neigings) van die vorige jaar aan om jou mening te ondersteun.**

*Enige vier geldige aanwysers ✓ ✓ ✓ ✓ 1 punt elk*
*Neigings aangehaal vir elk ✓ ✓ ✓ ✓ 1 punt elk*

LW: in elke geval kan een syfer aanhaal met verduideliking van nyging

Bedryfsverhouding 1,8:1 → 2,4:1
Vuurproefverhouding 0,7:1 → 0,8:1
Voorraadomsetsnelheid 2,4 → 3,6
Debiteure-invorderingstermyn 72 → 51 dae
Krediteure-betalingstermyn 67 → 49 dae

Algemene kommentaar ✓✓
*Kan afsonderlik gedoen word*
*Goed = 2 Bevredigend = 1*

Likiditeit verbeter – die meeste van die aanwysers het in die algemeen verbeter

**10**

## 5.3 Opbrengs en aandeleprys:

**5.3.1 Lewer kommentaar oor die verdienstes, dividende en %-opbrengs. Haal die finansiële aanwysers en die veranderinge (neigings) van die vorige jaar aan om jou mening te ondersteun.**

Verbetering in VPA ✓: 78,8c → 95,2c / met 16,4 c ✓

Vermindering in DPA ✓: 65c → 57c / met 8c ✓

Verbetering in %-opbrengs ✓: 23,9% 26,7% / met 2,8% ✓
Aanvaar OTKA : 43,3% → 39,7% / verskil 3,6%

Kan die Dividend Uitbetalingkoers noem (1 punt vir kommentaar): 57c uit 95,2c (een punt vir syfers) in plaas van DPA & VPA

Kan DPA 57c of VPA 95,2c (1 punt vir syfer) met markwaarde (1 punt vir kommentaar) van R3,50 vergelyk: gunstig

Kan %-opbrengs (1 punt vir kommentaar) met opbrengs op alternatiewe beleggings vergelyk: 26,7% (1 punt vir syfer) is beter as alternatiewe

**6**

**5.3.2 Sal jy tevrede wees met die prestasie van die aandeelprys? Lewer kommentaar en vergelyk dit met 'n finansiële aanwyser uit die vraag om jou mening te ondersteun.**

Mening: Nee ✓
Vergelyk NBW met markprys 374,8c > 350c✓✓✓ *(Sien 5.1.5)*
(ondergewaardeer - die moontlike bedanking van die HUB kan dit affekteer)

OF

Mening: Ja (1 punt)
Slegs 'n 6% verbetering in markprys (1 punt)
Haal aan NBW: Vermeerder van 330c tot 374,8c / verskil 44,8c
*(Sien 5.1.5)* (maks 2 punte)

*Kommentaar moet aan NBW en Markprys en syfer verwys vir 3 punte*
*Verwys slegs na NBW en syfer: 2 punte Enige ander geldige kommentaar met syfer: 1 punt*

**4**

## 5.4 Bereken die ontbrekende syfers in die Kontantvloeistaat:

*Vol punte vir korrekte antwoord – Indien verkeerd kyk na bewerkings*
*T- rekening of KVS notas kan gebruik word*

(a) = R426 000 ✓ – 18 000 ✓ – 32 000 ✓ = R376 000 ✓

(b) = R600 000 ✓ + R510 000 ✓ = R1 110 000 ✓

(c) = R1 980 000 ✓ – R700 000 ✓ = R1 280 000 ☑ Indien enige deel korrek is
Of 2 810 000 – (R1 110 000 + R420 000) = R1 280 000

(d) = R337 000 ✓

(e) = R107 000 ✓

**12**

5.5 **Die Kontantvloeistaat beklemtoon sekere belangrike besluite deur die direkteure oor die afgelope jaar geneem. Verduidelik TWEE van die belangrike besluite. Haal syfers aan om jou antwoord te ondersteun. Verduidelik ook hoe die besluite die maatskappy en aandeelhouers sal bevoordeel.**

Enige twee besluite – een punt elk ✓ ✓
Aanhaling van syfers – een punt elk ✓ ✓
b.v.

- Beleggings in vaste bates vir nuwe takke R3 357 000
- Uitreiking van nuwe aandele: R1 110 000
- Ekstra lening: R1 280 000 sien 5.4 (a) en (c)
- Winste behou uit bedryfsaktiwiteite: R744 000
- Finansiële bates verval: R420 000

Enige geldige verduideliking oor voordele aan die maatskappy en aandeelhouers – syfers word nie benodig nie: ✓✓✓✓
*Uitstekend = 4 Goed = 3 Bevredigend = 2 Swak = 1 Foutief = 0*

bv.

- Uitbreiding van die maatskappy lei tot meer winste in die toekoms
- Die aandeelhouers sal meer dividende verdien en die aandeelprys sal moontlik verhoog
- Ekstra lenings beïnvloed skuld/aandeelhouersbelang – word bevoordeel deur die hefboomeffek
- Om die leningsbedrag en rente te verminder
- Maak gebruik van opbrengs van addisionele aandele om meer wins te verdien

**8**

5.6 **Op die AJV kondig die direkteure aan dat die maatskappy:**

- **Alle werknemers met betrekking tot gedrag en etiek sal oplei**
- **Fondse vir skoonmaak van die omgewing sal skenk**

**Verduidelik waarom dit nodig is ten spyte daarvan dat dit die maatskappy baie geld sal kos. Noem DRIE punte.**

*Twee punte vir elke afsonderlike punt* ✓✓ ✓✓ ✓✓
*Deelpunte mag toegeken word indien antwoord nie duidelik is nie of indien antwoord effens van die punt af is*

Enige drie geldige punte, bv.

- Opleiding sal kliëntediens verbeter
- Sal beter werksomgewing skep – werkers / vakbonde gelukkiger
- Korporatiewe verantwoordelikheid teenoor die gemeenskap – verhoog klandisiewaarde
- Gepubliseerde finansiële state sal goed vertoon
- Moedig nuwe aandeelhouers aan – gunstige invloed op aandeleprys
- Maatskappy gee terug aan gemeenskap
- Verbeter die maatskappy se beeld/ winsgewendheid
- Dit is ‘n vorm van publisiteit
- King kode stel dit voor.

**6**

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **70** |

## VRAAG 6

**6.1** **BATE VERKOPE**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Junie | 30 | Toerusting ✓ | ✓✓ 79 200 | Junie | 30 | Opgehoopte waardevermind. op Toerusting ✓ | ✓☑ # 15 840 |
| | | | | | | *Bank / Ace Vers./ ✓ Veresekeringseis / Debiteure | ✓✓ 30 000 |
| | | | | | | *Verlies op diefstal/ diefstal van bates ✓ | ✓☑ $ 33 360 |
| | | | 79 200 | | | *# enige syfer $ inspeksie* | 79 200 |

**Indien die twee inskrywings gekombineer is om die Versekeringseis/ Debiteur /Verlies of die Diefstal rekening /Afwagtings gedebiteur is, dan 2 punte vir die relevante besonderhede en 4 punte vir R63 360*

**12**

**6.2** **Watter raad sal jy aan Di gee? Verduidelik EEN punt.**

Enige een geldige punt wat eties is b.v. ✓✓✓
*Uitstekend = 3 Goed = 2 Bevredigend = 1 Oneties = 0*

- Sy behoort die morele en etiese korrekte stappe te doen – raai Mike aan om nie die versekeringseis in te dien nie.
- Gee raad: vind uit of Milly van Mike se oneerlikheid weet – beïnvloed die vennote se verhouding in die besigheid.
- Oorweeg fluitjieblaas-kwessies – bv. behoort sy eers met Mike te praat / lig die vennoot of die versekeringsmaatskappy in

**3**

**6.3** **Verduidelik hoe en waarom die Vastebate-register die interne ouditeur in sy pligte sal help.**

Enige geldige antwoord, b.v. ✓✓✓
*Uitstekend = 3 Goed = 2 Bevredigend = 1 Foutief = 0*

- Help met interne beheer - hy kan die fisiese bestaan van die bates bevestig en dit vergelyk met die register wat met die grootboek ooreen moet stem – hy sal dan seker wees dat alle vaste bates in berekening geneem is.
- Kan die volledige geskiedenis /lewensduur van die bate & waardevermindering sien – vir waardasie van die bate & finansiële verslagdoening.

**3**

**6.4** **Om hulle kontantvloeiprobleme op te los, het Mike 'n gedeelte van die perseel teen kosprys verkoop. Milly stem nie hiermee saam nie. Ondersteun jy Milly se mening? Gee 'n rede.**

Ja: ✓ Enige geldige rede ✓✓

Redes vir Ja:

- Dit sal die bedryfsaktiwiteite van die besigheid in die toekoms affekteer.
- Eiendom is 'n groeiende belegging wat in die toekoms sal toeneem – hulle behoort teen 'n baie hoër prys (markwaarde) as kosprys te verkoop.
- Die eiendom moes liewer behou gewees het en 'n verbandlening teen die eiendom aangegaan het.

OF:

Nee ✓ Enige geldige rede ✓✓

Redes vir Nee:

- As die eiendom nie behoorlik benut word nie of in 'n area geleë is waar daar geen toename in eiendomwaardes is nie.

*Moenie oplossing van kontantvloei probleem as 'n rede aanvaar nie*

**3**

**6.5** **Identifiseer die kosprys van afleweringsvoertuig 3.**

R699 000 ✓ – (R315 000 + R144 000) ✓ = R240 000 ✓

OF R168 000 + R72 000 = R240 000

**Verduidelik waarom afleweringsvoertuig 2 teen 'n boekwaarde van R1,00 (een rand) getoon word.**

Die afleweringsvoertuig is baie oud en is volledig afgeskryf, maar die besigheid moet dit as 'n waarde in hul boeke toon. Voertuig is in gebruik en het nie die einde van die lewensduur bereik nie alhoewel volledig waardevermindering afgeskryf is
✓✓ *Deelpunte kan gegee word*

*Moenie opgehoopte waardeverm van R143 999 as antwoord aanvaar nie*

**5**

**6.6** **Identifiseer en verduidelik EEN groot probleem met elke aflewerings-voertuig of sy bestuurder. Haal syfers uit die inligting aan om jou antwoord te ondersteun. Verskaf 'n geldige oplossing vir elke probleem.**

**Afleweringsvoertuig 1:** Enige geldige probleem geïdentifiseer ✓: Aanhaling van relevante syfers ✓
*Moontlike antwoorde:*
- Die bestuurder was lui en het nie te hard gewerk nie – het slegs 280 aflewerings in die jaar gedoen.
- Die bestuurder is te veel afwesig – 50 dae weg van werk af.
- Die voertuig word nie genoeg benut nie – het net 10% van die aflewerings gedoen en het die laagste bedryfskoste (R1,30).
- Die bestuurder word dieselde salaris as die ander bestuurders betaal ten spyte daarvan dat hy slegs 10% van die werk doen.
- Gebrek aan interne beheer/ Hierdie voertuig bedryf teen 'n verlies – inkomste R70 000 min uitgawes R88 400 = R18 400 verlies.

Enige geldige oplossing wat verband hou met die probleem wat hierbo geïdentifiseer is.
*Moontlike antwoorde*
- Betaal bestuurders per aflewering – dit sal hulle aanmoedig om harder te werk.
- Ken hierdie voertuig aan die besigste bestuurder toe.

**Afleweringsvoertuig 2:** Enige geldige probleem geïdentifiseer ✓: Aanhaling van relevante syfers ✓

*Moontlike antwoorde:*
- Hierdie bestuurder het te hard gewerk – het 8 aflewerings per dag gedoen (2100 / 260).
- Hierdie voertuig is oud / het 'n hoë bedryfskoste maar word vir 2 100 uit die 3 680 aflewerings gebruik.

Enige geldige oplossing wat verband hou met die probleem wat hierbo geïdentifiseer is.
*Moontlike antwoorde:*
- Ken hierdie voertuig toe aan die ledigste bestuurder.
- Beperk die gebruik van hierdie voertuig.

**Afleweringsvoertuig 3:** Enige geldige probleem geïdentifiseer ✓: Aanhaling van relevante syfers ✓

*Moontlike antwoorde:*
Die bestuurder is nie eerlik nie – fooie ingevorder, is R50 000 kort (R325 000 – R275 000).

Enige geldige oplossing wat verband hou met die probleem wat hierbo geïdentifiseer is.
*Moontlike antwoorde*
- Doen 'n oudit van fooie ingevorder.
- Stel 'n dissiplinêre ondersoek teen die bestuurder in.

| |
|---|
| |
| **9** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **35** |

**TOTAAL: 300**

Kopiereg voorbehou